


Origref.

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.



BUITENGEWONE

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

UITGawe OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Wednesday 21 July 1971

WINDHOEK

Woensdag 21 Julie 1971

No. 3197

CONTENTS

INHOUD

Page/Bladsy

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 106 Control of Formidable Epidemic Diseases: Regulations
No. 107 Notice under Sections 5 and 87 of the Public Health Act, 1919 as applied to the Territory of South West Africa

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- Beheer van Gedugte Epidemiese Siektes: Regulasies
Kennisgewing kragtens Artikels 5 en 87 van die Volksgezondheidswet 1919 soos van toepassing op die Gebied Suidwes-Afrika

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Acting Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 106]

[21 July 1971]

No. 106]

[21 Julie 1971]

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by sections 38 and 44 read with sections 37 and 41 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as applied to the Territory and for this purpose amended by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920) to apply the following regulations throughout the Territory of South West Africa.

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolle die bevoegdheid aan hom verleen by artikels 38 en 44, gelees met artikels 37 en 41, van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919) soos toegepas op die Gebied en vir dié doel gewysig by die Publieke Gezondheidsproklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920) die volgende regulasies deur die hele Gebied Suidwes-Afrika toe te pas.

REGULATIONS REGARDING THE CONTROL OF FORMIDABLE EPIDEMIC DISEASES.

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEHEER VAN GEDUGTE EPIDEMIESE SIEKTES.

1. DEFINITIONS.

1. WOORDOMSKRYWING:

"Director" means the Director of Health Services of the South West Africa Administration and also includes a state medical officer or a state health inspector, specifically authorised thereto by the Director to act on his behalf;

„Direkteur“ beteken die Direkteur van Gesondheidsdienste van die Administrasie van Suidwes-Afrika, en sluit ook in 'n staatsmediesebeampte of 'n staatsgesondheidsinspekteur, spesifiek deur die Direkteur daar toe gemagtig om namens hom op te tree;

"formidable epidemic disease" means a disease as defined in section 37 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as applied to the Territory and for this purpose amended by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920);

"health officer" means the Medical Officer of Health or a health inspector of the local authority specifically authorised thereto;

"local authority" bears the same meaning as assigned thereto in sections 7 and 9 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as applied to the Territory and for this purpose amended by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920);

"medical isolation" when applied to a person or group of persons, means the separation of that person or group of persons from other persons, except the health staff on duty, in such a manner as to prevent the spread of infection;

"medical surveillance" means the keeping of a person or group of persons under medical supervision, and such person or group of persons under medical supervision may be required by the Director or health officer to remain in a prescribed area or to attend for medical examination at specified places and times.

Any other expression in these regulations, unless the context otherwise indicates, bears the same meaning as that assigned thereto in the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919), as applied to the Territory by and for this purpose amended by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920).

NOTIFICATIONS OF SUSPECTED CASES OR DEATHS.

2. (a) Every suspected case of, or death from, a formidable epidemic disease shall be reported immediately by the owner, occupier or lessee of a dwelling, building or premises, where such case or death occurs, where this takes place, to the local authority, and, if there is no local authority, then to the magistrate or the Bantu Affairs Commissioner or any police officer or the Director, and, in the case of a death, also to the Registrar of Births and Deaths, and shall furnish the following information:—

- (i) The name, age and sex of the person concerned or of the deceased;
- (ii) the history and symptoms of the case; and
- (iii) the address of the person concerned or, in the case of a death, the place at which the death occurred.

(b) On receipt of the information mentioned in paragraph (a) the local authority, magistrate, Bantu Affairs Commissioner or police officer as the case may be, shall forthwith report by the quickest available means the particulars and circumstances to the Director.

NOTIFICATION BY MEDICAL PRACTITIONER.

3. Where a case of, or death from, a formidable epidemic disease or a case of illness or death with symptoms, signs or history suggestive of or consistent with a formidable epidemic disease comes to the knowledge of a medical practitioner, such practitioner shall forthwith report the particulars and circumstances to the local authority

"gedugte epidemiese siekte" beteken 'n siekte soos om-skryf in artikel 37 van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919) soos toegepas op die Gebied en vir die doel gewysig by die Publieke Gezondheidsproklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920);

"gesondheidsbeampte" beteken die Mediese Gesondheidsbeampte of die gesondheidsinspekteur van die plaaslike owerheid, spesifiek daartoe gemagtig;

"mediese afsondering" wanneer toegepas op 'n persoon of groep persone, beteken die skeiding van daardie persoon of groep persone van ander persone, uitgesonderd die gesondheidspersoneel op diens, op so 'n wyse dat dit die verspreiding van besmetting sal voorkom;

"mediese toesig" beteken die hou van 'n persoon of groep persone, onder mediese opsig en, die Direkteur of gesondheidsbeampte kan van sodanige persoon of groep persone onder mediese toesig vereis om binne 'n voorgeskrewe gebied te bly of om hulle op bepaalde tye en plekke vir geneeskundige ondersoek aan te meld;

"plaaslike owerheid" het dieselfde betekenis as wat daar-aan verleen word in artikels 7 en 9 van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919) soos toegepas op die Gebied en vir doeleindes daarvan gewysig by die Publieke Gezondheidsproklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920);

Enige ander uitdrukking wat in hierdie regulasies gebruik word, het dieselfde betekenis as dié wat daaraan ge-heg word in die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919) soos toegepas en vir dié doel gewysig by die Publieke Gezondheidsproklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920) tensy dit uit die sinsverband duidelik blyk dat 'n ander betekenis bedoel word.

AANGIFTE VAN VERDAGTE GEVALLE OF STERFGEVALLE.

2. (a) Elke verdagte geval van, of sterfgeval aan 'n gedugte epidemiese siekte moet onmiddellik deur die eie-naar, bewoner of huurder van 'n woning, gebou of perseel waar sodanige geval of sterfgeval voorkom, gerapporteer word aan die plaaslike owerheid, en as daar geen plaaslike owerheid is nie, dan aan die landdros of Bantoesake-kommissaris of polisiebeampte of die Direkteur en in die geval van 'n sterfgeval ook aan die Registrateur van Geboortes en Sterfgevalle. Die volgende besonderhede moet verstrek word:—

- (i) Die naam, ouderdom en geslag van die betrokke en van die oorledene;
- (ii) die geskiedenis en simptome van die geval; en
- (iii) die adres van die betrokke en, by 'n sterfgeval, die plek waar die persoon oorlede is.

(b) By ontvangs van die inligting genoem in para-graf (a) moet die plaaslike owerheid, landdros, Bantoesakekommissaris of polisiebeampte, na gelang, op die spoedigste wyse die besonderhede en omstandighede aan die Direkteur rapporteer.

AANGIFTE DEUR GENEESHEER.

3. Waar daar 'n geval van, of sterfgeval aan 'n gedugte epidemiese siekte of 'n siektegeval of 'n sterfgeval met simptome of tekens of 'n geskiedenis wat op 'n gedugte epidemiese siekte dui, onder die aandag van 'n geneesheer kom, moet hy dadelik die besonderhede en omstandighede aan die plaaslike owerheid rapporteer en

and, if there is no local authority, then to the magistrate or Bantu Affairs Commissioner or any police officer who shall immediately inform the Director.

DUTIES OF OWNER, OCCUPIER OR LESSEE.

4. For the purpose of compliance with regulation 2 hereof, it shall be the duty of every owner, occupier or lessee of a dwelling, building or premises to keep himself at all times informed as to the occurrence of every case of illness with symptoms of a formidable epidemic disease in such dwelling, building or premises. If the illness presents symptoms of a formidable epidemic disease the facts shall be reported immediately in the manner prescribed in regulation 2 and the patient shall be kept under supervision pending instructions as to his disposal by the health officer or magistrate or Bantu Affairs Commissioner in whose area the patient is, or by the Director. In the case of any prosecution under these regulations it shall be assumed, until the contrary is proved, that the accused was informed or was aware of the case.

REPORTS TO BE TRANSMITTED WITHOUT DELAY.

5. The Registrar of Births and Deaths or police officer or official of the Health Services Branch who is informed or knows or has reason to believe that a person is suffering from or has died of a formidable epidemic disease or of an illness suggestive of a formidable epidemic disease shall at once forward by the quickest available means all available information thereon to the local authority in whose area the illness or death has occurred.

INFORMATION REGARDING A FORMIDABLE EPIDEMIC DISEASE MUST BE FURNISHED.

6. Every person having information or documentary or other evidence as to illness, recent movements, persons with whom recently in contact or associating, present whereabouts, or other matter bearing on the prevention of a formidable epidemic disease in respect of any person suffering or suspected to be suffering from a formidable epidemic disease, shall be bound to furnish or produce it when so required by the Director, health officer, magistrate, Bantu Affairs Commissioner or police officer.

CASES OF A FORMIDABLE EPIDEMIC DISEASE MAY BE REMOVED AND BE PLACED IN MEDICAL ISOLATION OR UNDER MEDICAL SURVEILLANCE.

7. Any person suffering or suspected to be suffering from a formidable epidemic disease may, after certification to that effect by a medical practitioner, on the order of the Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner be removed and be detained in a place of medical isolation or medical surveillance.

CASES OR SUSPECTED CASES OF A FORMIDABLE EPIDEMIC DISEASE TO BE ISOLATED AND PRE-CAUTIONS TAKEN.

8. Every person having charge of a case or suspected case of a formidable epidemic disease which is not under treatment in hospital, shall cause the premises, and the body, clothing, bedding, and personal effects of the patient to be cleaned and kept clean and shall not permit any person, except health personnel, to enter the room of or otherwise come into contact with the patient during the infectious phase of his illness.

indien daar nie 'n plaaslike owerheid is nie, aan die landdros of Bantoesakekommisaris of polisiebeampte wat dan dadelik die Direkteur in kennis moet stel.

PLIGTE VAN EIENAAR, BEWONER OF HUURDER.

4. Ter nakoming van regulasie 2 is dit die plig van elke eienaar, bewoner of huurder van 'n woning, gebou of perseel om hom altyd op die hoogte te hou van die voor-koms van enige siektegeval met simptome van 'n gedugte epidemiese siekte in sodanige woning, gebou of perseel. Indien 'n siekte met die simptome van 'n gedugte epidemiese siekte voorkom, moet die feite dadelik gerapporteer word soos in regulasie 2 voorgeskryf en moet die pasiënt onder toesig gehou word in afwagting van instruksies deur die gesondheidsbeampte of landdros of Bantoesakekommisaris, in wie se gebied die pasiënt is, of deur die Direkteur, oor wat met hom gedoen moet word. By enige vervolging kragtens hierdie regulasie word vermoed totdat die teendeel bewys is dat die beskuldigde in kennis gestel is of bewus was van die geval.

AANGIFTE MOET SONDER VERSUIM GESTUUR WORD.

5. Elke Registrateur van Geboortes en Sterfgevalle of polisiebeampte of beampte van die Afdeling Gesondheidsdienste wat in kennis gestel word of weet of rede het om aan te neem dat iemand aan 'n gedugte epidemiese siekte ly of aan 'n siekte wat vermoedelik 'n gedugte epidemiese siekte kan wees, oorlede is, moet dadelik op die spoedigste wyse alle beskikbare inligting aan die plaaslike owerheid in wie se gebied die siekte of sterfgeval voorgekom het, verstrek.

BESONDERHEDE BETREFFENDE 'N GEDUGTE EPIDEMIESE SIEKTE MOET VERSTREK WORD.

6. Elkeen wat oor inligting of dokumentêre of ander bewys beskik in verband met siekte, onlangse bewegings, persone met wie daar aanraking was of verkeer is, huidige verblyfplek of enige ander saak in verband met die voor-koming van 'n gedugte epidemiese siekte ten opsigte van iemand wat aan 'n gedugte epidemiese siekte ly of wat vermoedelik daaraan ly, is verplig om sodanige inligting bekend te maak of voor te lê wanneer daartoe versoek deur die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros, Bantoesakekommisaris of polisiebeampte.

GEVALLE VAN 'N GEDUGTE EPIDEMIESE SIEKTE KAN VERWYDER WORD EN IN MEDIESE AFSONDERING OF ONDER MEDIESE TOESIG GEPLAAS WORD.

7. Elkeen wat aan 'n gedugte epidemiese siekte ly of vermoedelik daaraan ly, kan, nadat dit deur 'n geneesheer gesertifiseer is, op las van die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommisaris verwyder word en aangehou word in 'n plek vir mediese afsondering of mediese toesig.

GEVALLE OF VERDAGTE GEVALLE VAN 'N GEDUGTE EPIDEMIESE SIEKTE MOET AFGESONDER WORD EN VOORSORGMAATREELS MOET GETREF WORD.

8. Elkeen wat toesig het oor 'n geval of 'n verdagte geval van 'n gedugte epidemiese siekte wat nie onder behandeling in 'n hospitaal is nie moet die perseel en die liggaam, klere, beddegoed en persoonlike besittings van die pasiënt laat skoonmaak en laat skoon hou en mag niemand buiten gesondheidspersoneel toelaat om in die vertrek te kom of op enige manier met die pasiënt in aanraking te kom gedurende die aansteeklike fase van sy siekte nie.

"CONTACT" MAY BE PLACED IN MEDICAL ISOLATION OR UNDER MEDICAL SURVEILLANCE.

9. Any person who has been or is suspected of having been exposed to the infection of a formidable epidemic disease may, on the order of the Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner be placed in medical isolation or under medical surveillance for a period not exceeding fourteen days after removal from the source of infection.

EVACUATION OF INFECTED DWELLING, BUILDING, ETC.

10. The Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner may issue an order requiring that any dwelling, building or premises in which a case of a formidable epidemic disease or suspected formidable disease has occurred shall be vacated and closed until the building and its contents have been disinfected and/or disinfested to the satisfaction of the Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner.

MEDICAL EXAMINATION IN CONNECTION WITH A FORMIDABLE EPIDEMIC DISEASE AND DISPOSAL OF A BODY.

11. The Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner may order the examination by a medical practitioner of any person believed or suspected to be suffering from a formidable epidemic disease, at a place and time as determined by him, or may cause inquiries to be made regarding any person believed or suspected to have died of a formidable epidemic disease. The magistrate, Bantu Affairs Commissioner or Director may order that a post-mortem examination of the body of any person believed or suspected to have died of a formidable epidemic disease be carried out, and for this purpose may further order that the body, if already buried, be exhumed. The bodies of persons who have or are believed or suspected to have died of a formidable epidemic disease shall be buried, cremated or disposed of as ordered by the Director, health officer or magistrate or Bantu Affairs Commissioner.

PUBLIC MEETING AND GATHERING MAY BE PROHIBITED.

12. Where deemed necessary for preventing the spread of a formidable epidemic disease the Director, magistrate or Bantu Affairs commissioner may, with the approval of the Administrator, issue an order prohibiting the congregation of persons in any public place, the convening or holding of any meeting or assembly or a public gathering of any nature whatsoever.

RESTRICTION ON TRAFFIC AND PRECAUTIONS IN RESPECT OF PERSONS, ANIMALS OR GOODS.

13. (a) The Director, magistrate or Bantu Affairs Commissioner may, with the prior approval of the Administrator, issue an order regarding the regulation, restriction or prohibition of traffic and imposing conditions or restrictions (as regards inspection, medical examination, disinfection, disinfestation or vaccination) on the transport or movements of any animal, article or thing and of all persons or of persons of any particular class or description, into or out of any area (to be defined in such order) in which a formidable epidemic disease exists or is suspected to exist or is expected or into which a for-

„KONTAK" KAN IN MEDIESE AFSONDERING OF ONDER MEDIESE TOESIG GEPLAAS WORD.

9. Elkeen wat aan besmetting van 'n gedugte epidemiese siekte blootgestel was of wat vermoedelik aldus blootgestel was, kan, op las van die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris in mediese afsondering of onder mediese toesig geplaas word vir 'n tydperk van hoogstens veertien dae na verwydering van die bron van besmetting.

ONTRUIMING VAN BESMETTE WONING, GEBOU, ENS.

10. Die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris kan 'n bevel uitrek wat vereis dat enige woning, gebou of perseel waarin 'n gedugte epidemiese siekte of verdagte geval van 'n gedugte epidemiese siekte voorgekom het, ontruim en gesluit word totdat die geboue en die inhoud ontsmet en/of insekvry gemaak is ten genoeë van die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris.

GENEESKUNDIGE ONDERSOEK IN VERBAND MET 'N GEDUGTE EPIDEMIESE SIEKTE EN BESKIKING OOR 'N LYK.

11. Die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris kan, op 'n plek en tyd soos deur hom bepaal, 'n ondersoek deur 'n geneesheer gelas van iemand wat, na gemeen of vermoed word aan 'n gedugte epidemiese siekte ly, of kan navraag laat doen in verband met iemand wat, na gemeen of vermoed word, aan 'n gedugte epidemiese siekte gesterf het. Die landdros Bantoesakekommissaris of Direkteur kan gelas dat 'n lykskouing gehou word van die lyk van iemand wat, na gemeen of vermoed word, aan 'n gedugte epidemiese siekte gesterf het en kan vir hierdie doel gelas dat 'n lyk wat alreeds begrawe is, weer opgegrawe word. Die lyke van perone wat aan 'n gedugte epidemiese siekte oorlede is of wat na gemeen of vermoed word aan 'n gedugte epidemiese siekte gesterf het, moet begrawe of veras word of oor beskik word soos deur die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris gelas.

OPENBARE VERGADERING OF BYEENKOMS KAN VERBIED WORD.

12. Wanneer dit nodig geag word ter voorkoming van die verspreiding van 'n gedugte epidemiese siekte kan die Direkteur, landdros of Bantoesakekommissaris met die goedkeuring van die Administrateur, 'n bevel uitrek wat die samekoms van persone in enige openbare plek, die sameroeping of die hou van enige vergadering of openbare byeenkoms van watter aard ook al verbied.

BEPERKING OP VERVOER EN VOORSORGMAATREËLS IN VERBAND MET PERSONE, DIERE EN GOEDERE.

13. (a) Die Direkteur, landdros of Bantoesakekommissaris kan met die voorafverkreeë goedkeuring van die Administrateur 'n bevel uitrek betreffende die beheer, beperking of verbod van verkeer en die ople van voorwaardes of beperkings (vir sover dit inspeksies, geneeskundige ondersoek, ontsmetting insekvrymaak of intenting aan gaan) op die vervoer of bewegings van enige dier, artikel of ding en van alle persone of van persone van 'n bepaalde klas of beskrywing wat 'n gebied (wat in die bevel omskryf moet word), binnekomb of verlaat daar 'n gedugte epidemiese siekte is of waar dit vermoedelik is of verwag word, of waarheen 'n gedugte epidemiese siekte

midable epidemic disease may, in the opinion of the Director, be introduced by such transport or movements.

(b) The said order shall be posted up conspicuously at the office of the magistrate, at the office of the local authority, at police posts and other convenient places within the area mentioned in the order.

(c) On the issue and notification of the order as aforesaid and during the currency thereof, every owner, occupier or lessee of a dwelling, building or premises shall control the movement of such persons in and on his dwelling, building and premises: Provided that the Director, health officer, magistrate, Bantu Affairs Commissioner or any member of the police force thereto authorised by the magistrate, may issue permits in special cases allowing the movements of such persons.

(d) The withdrawal of the order mentioned in paragraph (a) shall be notified in the same manner as its issue.

DISINFECTION AND DISINFESTATION OF INFECTED PREMISES, ARTICLES AND ANIMALS, ETC.

14. Any dwelling, building, premises, animal, article or thing which is believed or suspected to be contaminated with the infection of a formidable epidemic disease may be disinfected and/or disinfested by, or as directed by the Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner. The owner, occupier or lessee of, and every person residing in such dwelling, building or premises, and the owner of every such animal, article or thing, shall give every assistance required of him in connection with such disinfection and/or disinfestation. No person shall remove or use any such animal, article or thing until it has been disinfected and/or disinfested and released under proper authorisation. No animal, article or thing may be destroyed without the prior written authority of the owner, Director, magistrate or Bantu Affairs Commissioner.

OWNER, OCCUPIER OR LESSEE OF DIRTY OR INSANITARY DWELLING, BUILDING OR PREMISES MAY BE REQUIRED TO CLEANSE THEM.

15. The Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner may give notice to the owner, occupier or lessee of any dwelling, building or premises found to be dirty or insanitary requiring him to cleanse the same within a reasonable time to be specified in such notice, and may likewise specify in such notice any other measure required to be carried out.

OWNER, OCCUPIER OR LESSEE OF DEFECTIVE OR OVERCROWDED DWELLING OR BUILDING MAY BE REQUIRED TO PROVIDE SUFFICIENT MEANS OF LIGHTING AND VENTILATION AND TO REMEDY OVERCROWDING.

16. The Director, health officer, magistrate or Bantu Affairs Commissioner may give notice to the owner, occupier or lessee of any dwelling or building which is without sufficient means of admitting light and fresh air, or which is overcrowded, requiring him to carry out any specified alterations for providing sufficient light and air within a reasonable time or to remedy the overcrowding forthwith.

RIGHT OF ENTRY.

17. The Director, health officer, Bantu Affairs Commissioner or member of the police force may at any reasonable hour for the performance of his duty enter any

volgens die oordeel van die Direkteur deur sodanige vervoer of bewegings oorgedra kan word.

(b) Genoemde bevel moet op 'n opvallende plek by die landdroskantoor, by die kantoor van die plaaslike owerheid, by polisiestasies en ander gesikte plekke binne die gebied in die bevel genoem, opgeplak word.

(c) By die uitreiking en bekendmaking van bedoelde bevel en gedurende die geldigheidsduur daarvan moet elke eienaar of bewoner of huurder van 'n woning, gebou of perseel die bewegings van sodanige persone in en op sy woning, gebou of perseel beheer: Met dien verstande dat die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros, Bantoesakekommissaris of enige lid van die polisiemag, daartoe deur die landdros gemagtig, in spesiale gevalle permitte kan uitreik om die bewegings van sodanige persone toe te laat.

(d) Die intrekking van die bevel genoem in paragraaf (a) moet op dieselfde wyse bekend gemaak word as die uitreiking daarvan.

ONTSMETTING EN INSEKVRYMAAK VAN BESMETTE PERSELE, ARTIKELS, DIERE, ENS.

14. Enige woning, gebou, perseel, dier, artikel of ding wat, na gemeen of vermoed word, met 'n gedugte epidemiese siekte besmet is kan ontsmet en/of insekvrymaak word deur, of op bevel van die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris. Die eienaar, bewoner of huurder van, en elkeen woonagtig in, sodanige woning, gebou of perseel en die eienaar van enige sodanige dier, artikel of ding moet alle hulp verleen wat van hom verlang word in verband met die ontsmetting en/of insekvrymaak. Niemand mag enige sodanige dier, artikel of ding verwijder of gebruik voordat dit ontsmet en/of insekvrygemaak is en met behoorlike magtiging vrygestel is nie. Geen dier, artikel of ding mag sonder die skriftelike voorafverkreeë magtiging van die eienaar, Direkteur, landdros of Bantoesakekommissaris vernietig word nie.

EIENAAR, BEWONER OF HUURDER VAN 'N VUIL OF ONSANITÉRE WONING, GEBOU OF PERSEEL KAN VERPLIG WORD OM DIT SKOON TE MAAK.

15. Die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris kan aan die eienaar, bewoner of huurder van enige woning, gebou of perseel wat vuil of onsanit r bevind word, kennis gee dat dit binne 'n redelike tyd, in die kennisgewing gespesifiseer, skoongemaak moet word en kan ook in sodanige kennisgewing enige ander bepaalde vereiste stel.

EIENAAR, BEWONER OF HUURDER VAN GEBREKKIGE OF OORBEOONDE WONING OF GEBOU KAN VERPLIG WORD OM VOLDOENDE LIG EN VENTILASIE TE VERSKAF EN OM OORBEWONING TE VERHELP.

16. Die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros of Bantoesakekommissaris kan 'n eienaar, bewoner of huurder van enige woning of gebou wat nie voldoende lig en vars lug toelaat nie of wat oorbewoon is, kennis gee om enige gespesifiseerde veranderings binne 'n redelike tydperk aan te bring om genoeg lig en lug toe te laat of om die oorbewoning dadelik te verhelp.

REG VAN TOEGANG.

17. Die Direkteur, gesondheidsbeampte, Bantoesakekommissaris of lid van die polisiemag kan vir die vervulling van sy plig op enige redelike tyd enige woning, ge-

dwelling, building or premises where inspection in connection with the enforcement of these regulations or with the prevention or eradication of a formidable epidemic disease is necessary.

POWER TO ENFORCE REQUIREMENTS AND PREVENT CONTRAVENTION.

18. (a) The Director, health officer, magistrate, Bantu Affairs Commissioner or member of the police force is hereby empowered to take any steps necessary to enforce any requirements under, or to prevent any contravention of these regulations and to arrest without warrant any person who has escaped from detention or isolation under these regulations.

(b) Where necessary for the satisfactory combating of a formidable epidemic disease in any region of South West Africa the Director may act in the stead of a magistrate, health officer or Bantu Affairs Commissioner where they are mentioned in regulations 4, 7, 9 and 10, the first time in regulation 11 and in regulations 14, 15 and 16, and the Director shall, as soon as possible, inform the authority concerned in whose stead he acted of the measures he has taken on behalf of that authority.

GENERAL PENALTIES.

19. Any person who contravenes or fails to comply with any provision or requirement of these regulations or of any order or notice issued thereunder shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties provided in section 45 of the Act.

FURTHER OFFENCES.

20. Any person who obstructs any officer or other person in the carrying out of any duty under these regulations, or fails or refuses to give any information he may lawfully be required to give, or knowingly gives false or misleading information or refuses to be moved or obstructs the removal of any person to a place of medical isolation or surveillance, or escapes or attempts to escape or assists any person to escape or to attempt to escape from any such place, or occupies or allows any person to occupy any dwelling, building or premises legally closed against occupation or use, shall be guilty of a contravention of these regulations and liable on conviction to the penalties provided in section 45 of the Act

bou of perseel betree die noodsaaklikheid bestaan vir 'n inspeksie in verband met die toepassing van hierdie regulasies of vir die voorkoming of uitroeiing van 'n gedugte epidemiese siekte

BEVOEGDHEID OM VEREISTES AF TE DWING EN OORTREDINGS TE VOORKOM.

18. (a) Die Direkteur, gesondheidsbeampte, landdros, Bantoesakekommissaris, of lid van die polisiemag word hierby gemagtig om enige noodsaaklike maatreël te tref om die vereistes van hierdie regulasies af te dwing of die oortreding daarvan te voorkom en om enigeen sonder lasbrief te arresteer wat ontsnap het uit bewaring of afsondering kragtens hierdie regulasies.

(b) Waar nodig ter doeltreffende bestryding van 'n gedugte epidemiese siekte in enige streek in Suidwes-Afrika kan die Direkteur optree namens 'n landdros, gesondheidsbeampte of Bantoesakekommissaris waar hul gemeld word in regulasies 4, 7, 9 en 10, vir die eerste keer in regulasie 11 en in regulasies 14, 15 en 16 en moet die Direkteur so gou moontlik die betrokke instansie namens wie hy opgetree het in kennis stel van die maatreëls wat hy namens die betrokke instansie getref het.

ALGEMENE STRAFBEPALINGS.

19. Elkeen wat hierdie regulasies oortree of wat versuim om aan enige bepaling of vereiste daarvan te voldoen of om enige bevel of kennisgewing daarkragtens uitgereik na te kom, is skuldig aan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in artikel 45 van die Wet bepaal.

ANDER MISDRYWE.

20. Elkeen wat enige beampte of ander persoon teengaan by die uitvoering van enige plig ingevalle hierdie regulasies, of wat versuim om enige inligting te verstrek wat wettig van hom vereis kan word of wat bewustelik vals of misleidende inligting gee, of wat weier om verwyder te word of die verwydering van iemand na 'n plek van mediese afsondering of -toesig teengaan, of ontsnap of probeer ontsnap, of ander by ontsnapping of 'n poging tot ontsnapping uit enige sodanige plek help, of wat enige woning, gebou of perseel, wat wettig teen bewoning of gebruik gesluit is, bewoon of iemand toelaat om dit te bewoon, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasies en is by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe in artikel 45 van die Wet bepaal.

No. 107]

[21 July 1971

NOTICE UNDER SECTIONS 5 AND 87 OF THE PUBLIC HEALTH ACT, 1919 (ACT 36 OF 1919), AS APPLIED TO THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA BY THE PUBLIC HEALTH PROCLAMATION 1920 (PROCLAMATION 36 OF 1920). (PORTS AND INLAND BORDERS OF THE TERRITORY.)

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers vested in him by sections 5 and 87 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919) as applied to the Territory and for this purpose amended by the Public Health Proclamation, 1920 (Proclamation 36 of 1920) to give notice and make known, that all passport control officers of the Department of the Interior as well as officers of the Department of Customs and Excise

No. 107]

[21 Julie 1971

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKELS 5 EN 87 VAN DIE VOLKSGEZONDHEIDSWET 1919 (WET 36 VAN 1919) SOOS TOEGEPAS OP DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA BY DIE PUBLIEKE GEZONDHEIDSOPKLAMATIE 1920 (PROKLAMASIE 36 VAN 1920). (HAWENS EN BINNELANDSE GRENSE VAN DIE GEBIED.)

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevalle die bevoegdheid hom verleen by artikels 5 en 87 van die Volksgezondheidswet 1919 (Wet 36 van 1919), soos toegepas op die Gebied en vir dié doel gewysig by die Publieke Gezondheidsproklamatie 1920 (Proklamasie 36 van 1920), kennis te gee en bekend te maak dat alle paspoortbeheerbeamptes van die Departement van Binnelandse Sake asook amptenare van die Departement van

and the South African Police, who act as passport control officers at frontier posts or airports on behalf of the Department of the Interior, are hereby authorised, in cases where a health official is not available, to administer the provisions of any law proclamation or regulation whereby a health, vaccination or medical certificate is a requirement for entry into or exit from the Territory of South West Africa as from the date of publication hereof.

Doeane en Aksyns en die Suid-Afrikaanse Polisie wat namens die Departement van Binnelandse Sake as paspoortbeheerbeamptes by grensposte of lughawens optree, hierby gemagtig word om, in gevalle waar 'n gesondheidsbeampte nie beskikbaar is nie, die bepalings van enige wet, proklamasie of regulasie waarby 'n gesondheids- of inenting- of mediese sertifikaat 'n vereiste is om die Gebied Suidwes-Afrika binne te kom, of daaruit te gaan toe te pas, met ingang van die datum van publikasie hiervan.
